LUIGAT!

. . . sê Fiela se kind se ma so uit haar hart uit vir Elias

"LUIGAT!"

Die vuil kyk wat Sofie aan Elias gee, is nie sommer toneel speel nie.

Dit kom diep onder uit die hart uit.

Dit kom van Dalene Matthee, skrywer, ere-boswagter, ma . . . en nou ook rolprentaktrise.

Dalene het 'n rolletjie in *Fiela se Kind* gaan vra by Chris en Katinka-hulle en dié week haar buiging voor die rolprentkameras gemaak.

Die "luigat" wat sy aanspreek – dis van die min woorde wat haar karakter, die bosvrou Sofie, sê – is Elias, die bos-pa wat allerhande planne beraam om olifanttande in die hande te kry.

"Hy maak dit so *regtig*. As hy praat, dan word dit regtig," sê sy van André Rossouw se spel.

Sy het die dag op stel geniet, vertel Dalene geesdriftig, nog *opgedress* in haar vuil, verslete bosgewaad. Haar man, Larius, en dogter, Amanda, het saamgekom om haar in haar eerste rolprentrol te sien.

Die stel in 'n eiland van oopte in die hartjie van die bos lyk nes sy die bosmense se blyplekkies in haar geestesoog gesien het terwyl sy *Fiela* en *Kringe in 'n bos* geskryf het, sê Dalene Dinsdagoggend kort ná haar aankoms.

Laat die middag, toe dit al donker was en met 'n lang dag agter die rug, het die geesdrif nog nie gekwyn nie.

"Nou kan ek toneel speel, dan kan Chris die stories skryf," sê sy, klaarblyklik in haar noppies met die draaiboek wat Chris Barnard vir *Fiela* geskryf het.

En toneel hét sy gespeel, hoewel 'n mens so elke nou en dan sien dis nie altyd toneel speel nie; veral nie wanneer sy Elias aanspreek nie.

Dalene Matthee, skryfster, het hom 'n luigat geskryf; Dalene Matthee, aktrise, kryt hom nou daarvoor uit.

Die toneel loop só: Malie (Isabella Bosman) en Sofie, twee bosvroue, kom by Elias en Barta (Lida Botha) aan nog voordat hulle hoor hul seun wat weggeraak het toe hy drie jaar oud was, is opgespoor. Elias sit buite op die werf.

Malie: Is dit al wat jy gekap het dié week? Een balk?

Elias: (Gee 'n beker aan). Loop haal vir my water, Malie. My byl is stoets.

Malie: Jy kan jou eie water loop haal. Vir wat gaan jy nie liewer Bos toe soos al die ander en sleep hout uit vir die waens nie?

Elias: Lat die skippe dit verniet kan vat? Hulle het laaste maand vir Dawid Olwage 'n tiekie se koffie gegee en 'n tiekie se bruinsuiker vir 'n vol vrag geelhout! Ek is nie onnosel nie, Malie. Ek gaan nog ryk word, jy sal sien. Ek gaan grootvoettande verkoop.

Malie: Ek hoor daardie storie al tien jaar. Waar dink jy gaan jy 'n gewer kry? (Sy stap aan na die huis).

Elias: Ek het g'n geweer nodig nie.

Sofie: Hulle gaan vir jou trap, die grootvoete. Kyk maar.

Malie: Hulle gaan jou trap lat daar net 'n nat kol sit.

(Elias lag skelm.)

Sofie: Luigat! (met 'n lang, vuil kyk).

Dit was nie moeilik om Elias skerp aan te spreek en so kwaad vir hom te lyk nie, sê Dalene.

"Ek wás op daardie oomblik kwaad vir die vuilgoed!"

Katinka Heyns, regisseur, sê die werk aan *Fiela* is anders as die ander flieks waaraan sy al gewerk het. Dis asof almal meer betrokke is, meer omgee. Sy het al gewerk op stelle waar die tegnici nie die vaagste benul het van die storie wat hulle verfilm nie.

Dié keer is dit anders. Die bos praat met die mense, sê sy. Waar rolprentmense gewoonlik joviaal en luidrugtig is, is *Fiela* se mense stiller, die gesprekke meer gedemp.

Die stel is letterlik in 'n oop eiland, maar wandel tien treë met 'n bospaadjie af en jy is skielik alleen in 'n woud, met net die voëlgesang vir geselskap.

'n Mens begin half luister vir 'n takkie wat kraak. Dalk het die grootvoete kom kuier. (In die bos mag 'n mens mos nie van olifante praat nie.)

Die olifante hét kom besoek aflê, vertel Margaret Addinall, een van die byspelers en selferkende "bos-

Deur MIKE VINK: Knysna
Foto's: NARDUS NEL

mens" van Knysna. Kort nadat die verfilming begin het, het hulle op warm mis afgekom, taamlik naby aan die stel. Die drie oorblywende Knysna-olifante – ma, pa en kalfie – wou seker net kom toesien dat alles reg verloop. . .

Dalene se besoek is ook allerweë verwelkom. Telkens tydens 'n ruskans kom knoop mense 'n geselsie aan. Spelers vra raad, sy gee dit met geesdrif.

Van voorkeurbehandeling was daar egter nie veel sprake nie. Hier word gewérk! Van vroegdag al tot laat in die namiddag, toe die koue al uit die aarde begin opslaan het, is gewerk.

Tonele word geoefen, woorde herhaal met hier 'n stembuiging, daar 'n klem wat verander word: Nee, sê hom só, ja, dís beter . . . Uur ná uur gaan dit aan. Die eregas geniet klaarblyklik die kollig op haar, maar Dalene Matthee is 'n mens wat nie bang is vir werk nie.

Laat die middag, terwyl die soveelste kameraskoot geoefen word in 'n toneel waarin Elias vir Lucas (Jan Ellis) uit die bosse terugsleep, staan sy gedwee, geduldig; bereid om bevele uit te voer soos al die ander, dieselfde toneel oor en oor en oor te doen totdat Katinka en die kameraman, Jimmy Robb, uiteindelik tevrede is.

Teen halfvier die middag is die son al uit die bos, vang dit nog net die boomtoppe en belig nuwe skakerings van groen. Maar die werk hou nie op nie. In die sterk skemerte word gou nog 'n paar skote binne Elias-hulle se houthuisie afgehandel. Elias het vir Lucas uit die bos teruggesleep en stort nou sy woede uit op sy dogter, Nina (Annie Malan). Die bosvroue betrag die toneel deur 'n oop venster.

In die skemerstilte weergalm Annie se angskrete hard en aanhoudend, so erg, so werklikheidsgetrou dat selfs die skrywer terugdeins.

Haar ouma en Rose October, 'n bruinvrou wat sy leer ken het, was die belangrikste inspirasie vir *Fiela*, vertel Dalene, maar 'n skildery van 'n bosnimfie deur 'n Nederlandse skilder wat sy in Kaapstad gekoop het, was ook 'n belangrike dryfkrag – daar is Nina gebore.

Annie Malan is vir haar "pragtig" as die jong Nina, sê Dalene.

Voor in Annie se eksemplaar van *Fiela* skryf Dalene:

Liewe Annie,
Ek kan nie vir jou sê hoe bly ek is dat jy Nina is nie. Bly altyd so 'n pragtige mens.
Met liefde
Dalene Matthee.

'Ek wás op daardie oomblik kwaad vir die vuilgoed...'

Sofie: Hulle gaan vir jou trap, die grootvoete. Kyk maar.

Malie: Hulle gaan jou trap lat daar net 'n nat kol sit.

NIE net die huisies in die Knysna-bos was lewensgetrou nie, sê Dalene Matthee. Ook haar karakters lyk in die rolprentweergawe van *Fiela se kind* net soos sy hulle in haar geestesoog voorgestel het. Dié week het Dalene Matthee van voor af kennis gemaak met die bosgesin Van Rooyen. Van links is die stuurse Lucas (Jan Ellis), die luiaard Elias (André Rossouw), die bosnimfie Nina (Annie Malan), ma Barta (Lida Botha) en die broers Willem (Colin Brings) en Kristoffel (Guy Deacon). Later in die verhaal word die rolle van Lucas en Nina deur ouer spelers oorgeneem: onderskeidelik Dawid Minnaar en Marchelle Verwey.

DALENE MATTHEE en Annie Malan vandeesweek op die rolprentstel van *Fiela se kind* in die Knysna-bos. Annie is die jonge Nina uitgeknip, sê Dalene. Sy het die inspirasie vir dié karakter gekry van 'n Nederlander se waternimf-skildery, wat sy in Kaapstad gekoop het. Annie, 'n Pretorianer, is uit honderde meisies vir die rol gekies.

SKRYWER, regisseur en skrywer. . . die skeppende span van *Fiela se kind* het dié week op die stel van die rolprent byeengekom. Dalene Matthee het op 'n keer sommer so gevra om 'n klein rolletjie te speel in Katinka Heyns se rolprentweergawe van haar trefferroman – "om te voel hoe 'n bosvrou hoenders op die werf rondjaag". Regs is Chris Barnard, vervaardiger en draaiboekskrywer van die fliek wat einde vanjaar se kant toe in rolprentteaters behoort te draai.